MARCH / MAART 2008 JG/VOL 16-1

BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA / Newsletter of the Free State Section of the MCSA

DIE KRUIN VAN ELBRUS (5642m)

Charlotte Augustyn

Hoe verduidelik ’n mens die begeerte om die kruin van ’n berg te bereik? Is dit ’n kombinasie van jou liefde vir ’n berg tesame met die uitdaging daarvan, of sommer net die behoefte aan adrenalien waaraan mens so verslaaf is? Die aanloop tot die Elbrus-ervaring het ‘n paar jaar gelede begin toe ons met ’n trein na ’n gletser, bo in die Switserse Alpe by Chamonix, oppad was. Oorkant my was ’n paartjie met sneeuskoene en krampons op hul skote. Ek het hulle só bewonder en beny! Die droom om ’n sneeuberg te klim, het in my hart begin posvat. Die droom het gebly, en na Kilimandjaro het die lus om nog ’n kruin te bereik weer vlam gevat. Hier was my kans om met sneeuskoene en krampons ’n werklike sneeupiek te klim!

Ek het nog 3 dames se arms gedraai, en gou het Elmare, Sanet en Sorita saam met my begin beplan. Ook Molly, Ansa en Sukie het later besluit om saam te gaan om die Kaukasus te gaan verken en Rusland te ervaar.

Die senuwees het gelol en alles was vreemd. Ek het baie met Mynhard en Riana gekommunikeer en goeie wenke by hulle gekry. Jacques het ons ook gehelp met raad en toerusting en ons is baie dank aan hom verskuldig.

Na maande se beplanning, oefening en fyn beplande inpak, vertrek ons op 1 Augustus 2007 Moskou toe. Dit was ’n aangename verrassing om op die lughawe voor die vlug ons reisagent en organiseerder, Rose Gardiner van Tribe Safaris, te ontmoet en te verneem dat sy by ons gaan aansluit in die Baksan Vallei. Op 2 Augustus 2007 het ons op KGB bodem gestaan.

Die volgende dag is ons met ’n kleiner Russiese vliegtuig na die Kaukasus in die suide van Rusland. Omdat ons bagasie beperk was tot 20kg gewig per persoon, het ons die sneeuskoene (3kg) en ons warm klere aangetrek en sweet-sweet in ’n bedompige Moskou op die vliegtuig geklim. Na ’n vlug van 2 ure het ons in Minerale Vody geland waar ons deur ons gids, Marina

In hierdie uitgawe:

DIE KRUIN VAN ELBRUS
CHARLOTTE AUGUSTYN

IN MEMORIUM - CONRAD SAAIMAN

RUSLAND SAAM MET ANSA EN SUKI - EN DIE RES
MOLLY SMIT

SOUTH AFRICAN KOKSHAAL TOO EXPEDITION 2007

MALEALEA
CHARLOTTE AUGUSTYN

ONS GAAN DIE INKA-ROETE STAP!

EXCERPTS FROM OTHER MOUNTAIN CLUB NEWS LETTERS

SIR EDMUND HILLARY

BKSA lede wat briewe, stories oor uitstappies of nuusbrokkies in die Billi wil plaas, kan gerus vir Molly Smit (redakteur) kontak by : 051—5221548

Ershova, ontmoet is. Marina is ’n Russiese dame wat dadelik respek afdwing en beïndruk met ’n liggaamsbou wat hoort by ’n bergklimmer. (Ek kan net daarvan droom om so te lyk en moet dus maar bergklim sonder so ’n lyf!). Aangekom by die Wolfram Hotel te Terskol in die Baksanvallei het ons ook haar seun Victor en ’n tweede gids, Sasha, ’n student van St.. Petersburg, ontmoet.

Ons was verras met heerlike etes voorberei deur ’n Bulgaarse vrou en haar twee dogters, en dit terwyl ons koolsop en aartapels verwag het soos Sean Wisedale dit beskryf in sy boek, “Seven Summits”.

Omdat ek vooraf die goeie raad gekry het om in die valleie van die Kaukasus te stap en klim voor ons Elbrus aandurf, was ons vroeg die volgende dag gereed en oppad met gehuurde tente en gasstofies. Nie alleen was dit goed vir akklimatisering nie, maar dit was sekerlik die mooiste deel van die bergreeks. Die gidse, Sasha en Victor, het ons vergesel terwyl Marina die res van die groep by Mineral Vody gaan ontmoet het. Ons het vier nagte in twee verskillende valleie gekamp en elke dag gestap en geklim na die voet van die gletsers. Dit was somer, die blomme was pragtig en oral was skoenlappers te sien.

Terug by die hotel het ons die res van die groep ontmoet en is al ons toerusting, wat in dromme op die vliegtuig vervoer is, aan ons uitgedeel. Dit het ingesluit die krampons, yspikke, voetstroppe, karbyne, ensovoorts.

Die volgende dag het ons ’n akklimatiserings klim na Cheget (3761m) onderneem. Die hysstoele waarvan ons gebruik gemaak het om hoogte te wen was baie pret! Die uitsig na die pieke van die Kaukasus was asemrowend. Daar was onder andere Nakra (4277m), Dongoz-Orunbashi (4468m) en ook ander pieke van ongeveer 4000m. Op die kruin van Cheget het ons ’n pragtige uitsig op Elbrus gehad en kon ons vir die eerste keer die prentjie in geheel sien: presies tot waar die kabelkarretjies en hysstoele ons gaan neem, en waar ons hut, die Blou Hut soos dit genoem word, en die Pastukhova Rotse (4690m) is. Elbrus bestaan uit ’n oostelike (5621m) en ’n westelike piek (5642m). Laasgenoemde is dan die piek wat ons geklim het.

Garabashi Barrels by die hoogste skistasie op Elbrus - 3800m

Met swaar rugsakke en ons sneeuskoene aan ons voete is ons die volgende dag na Elbrus. Kabelkarretjies en ’n hysstoel het ons na die Garabashi Barrels (3800m) geneem. Die rugsakke het apart op die hysstoele gegaan en ons het angstig gekyk dat dit nie moet afval nie. Ons het gly-gly tot by die Blou Hutte geklim en die pragtige uitsig op die Kaukasus bewonder. Met die hutte op ’n hoogte van 4100m, was selfs die ekstra 20m na die puttoilette ’n taamlike missie.

Die volgende dag het ons vir die eerste keer die krampons aangetrek en ten spyte van wenke van Marina wel ’n paar keer hard op die ys beland. Ons het ’n akklimatiseringsklim na die Pastukhova rotse op 4700m gedoen om aan die krampons gewoond te raak.

Daardie aand het ons voorberei om die kruin die volgende dag te bereik en is ’n dagsakkie met genoeg water, ’n flessie soet, warm tee, al die energie-eetgoed, ’n kamera en ’n yspik gepak. Die sneeu wat in die nag op die dak geval het, het ons almal bekommerd gemaak. Marina het ons om 02:00 wakker gemaak en die tog het begin. Ons het ’n ent op ’n sneeuskraper gery om tyd te bespaar. Dit was toe wat ek met kommer die weerlig in die suidweste gesien het. Omdat Elbrus so naby die Swartsee is, kan die weer vinnig verander en skielik stormagtig word. Net bokant die Pastukhova rotse het ’n sneeustorm ons getref wat sò hewig was, dat slegs die persoon wat voor jou geloop het, sigbaar was. Dit was ’n angsvolle belewenis en het ek het begryp waarom bergklimmers van berge af val of verlore raak. Marina het ons laat omdraai, en ons was tevrede aangesien ons die volgende dag nog ’n kans gehad het. Toe die son opkom was ons terug by die Blou Hut. Hoewel ons verlig was dat ons veilig was, was dit ook demoraliserend omdat al die voorbereiding weer herhaal moes word. Maar ons wòù graag die piek bereik.

Daardie aand het ons ’n Russiese brousel van melkpap/pasta in die hut ontdek wat ’n vorige klimmer daar gelos het, en saam met kondensmelk wat Marina vir ons gekry het, was dit ’n heerlike, energiebelaaide aandete met genoeg koolhidrate vir die volgende dag. Die volgende oggend het ons weer vroeg begin klim en die berg het wonderlik oopgemaak. Toe die son opkom, was dit asemrowend mooi om ons en het ek besef dat dit vir oomblikke soos hierdie is dat ek so graag bergklim – al was die temperatuur -6 grade!

Die helling waarteen ons geklim het, was ongeveer 60 grade en Marina het ons stadig daar opgelei: “pole-pole!” of “voetjie-vir-voetjie!”. In die nek tussen die 2 pieke het ons ’n ruskans gevat om weer energiehappies in te neem en die pragtige uitsig oor die Kaukasus te geniet.

Hiervandaan kon ons die kruin sien en net voor die laaste steil gedeelte het Marina vir my gevra om die dames tot bo te lei. Dit was vir my ’n baie spesiale oomblik wat trane in my oë gebring het. Adrenalien het ons die laaste paar steil treë laat klim, tot bo-op die kruin. Dit was 11 Augustus en ’n wonderlike oomblik! Ons het mekaar omhels en die trane het gevloei, elkeen het geweet hoeveel voorbereiding en harde werk dit geverg het om hier te kan staan, op die dak van Europa! Die berge en die uitsig was asemrowend! Ek was bevoorreg, en is dankbaar dat ek saam met my vriende nog een van my drome kon bereik.

Sanet, Elmaré, Sorita en Charlotte bo-op die westelike piek van Elbrus (5642m).

CEDERBERG TRAILS

What began as a suggestion to Cape Nature to develop a porteraged trail in the Cederberg, similar to the Whale Trail, has developed in a few months to a public / private partnership venture. The “Cederberg Heritage Route” has been established as a Voluntary Association Not For Gain, and three trails are being offered, including the 4-night “Groot Krakadouw” and the 5-night “Wupperthal Trail”. Specially low prices are being extended to MCSA members (and their friends) until 31 March 2008 to participate in 'trying out' a trail, and to provide feedback. Details of the trails can be found on www.cedheroute.co.za. Bookings should be made through Cedarberg African Travel - Cecily Muller (027-482 2444; 027-482 1420 (fax); cecily@cedarberg.co.za).

† † In memorium : Conrad Saaiman † †

Een van ons Afdeling se kleurrykste stappers is in Augustus 2007 oorlede.

Conrad was ‘n veelsydige mens met ‘n wye belangstelling, veral in die natuur en fotografie. Conrad het akademies gevorder tot ‘n doktoraal in sielkunde en was ‘n dosent op die Vista kampus van die UV. Hy was ‘n interessante mens met ‘n anderse sin vir humor en het ook nie geskroom om sy sê te sê nie.

Die eerste staptog wat ek saam met Conrad gedoen het, was ‘n lang stap van Momentum (gewese stap-klub van die UV) langs die Transkei se Wildekus in 1980, toe ons albei nog studente was. Dit was sy eerste staptog en hy het later vir my gesê dat daardie stap hom geleer het om meer uit die lewe te haal as om net te studeer. Ek het daarna heelwat staptogte saam met Conrad gedoen en hy het vir baie jare graag saam met Momentum gestap, selfs toe hy al ‘die oupa’ genoem is. Hy het nie gereeld saam met ons Afdeling gestap nie, veral nie die laaste klompie jare toe hy ernstige probleme met sy sig ontwikkel het nie. Hy het egter altyd ‘n interessante element aan ‘n staptog gegee.

Ek sal Conrad onthou vir sy galge-humor en snaakse sêgoed, hoe hy altyd te veel goed saamgedra het (selfs ‘n hele waatlemoen per geleentheid!), vir sy passie vir fotografie, hoe hy altyd laat was (selfs heel-wat laat volgens Berglub norme), hoe vreeslik hard hy kon snork, hoe hy orals met sy honde in sy kar rondgery het, en hoe hy ook baie ernstig oor die lewe kon raak.

Ja, ek mis vir Conrad..... hy was die tipe mens wat kleur aan ‘n geleentheid gegee het. Ons eer sy nage-dagtenis.

Derek Odendaal

DEUTCHES ALPEN VEREIN YOUTH MEET IN SA

From 14 March to 1 April 2008, a youth group (14 of them aged 15-20) from the Deutches Alpen Verein - Jugend, the 'Rockfrogs', will visit South Africa. They will be co-hosted by the Magaliesberg and Eastern Province Sections. They will be accompanied by 5 adults. Leader Manfred Illenberger recently wrote: "The excitement is rising here. Africa is a big, dark, wild continent with lions roaming the streets, you know!" In Gauteng and Limpopo they will be kloofing at Grootkloof in the Magaliesberg (15-16 March), camp in Kruger NP and hike at Wolkberg (19-20 March) and in the Eastern Cape they will climb Cockscomb, visit Formosa Hut and hike the Harkerville Trail. Cultural and environmental aspects will also form part of the itinerary.

South African youth members (or any MCSA members) who would like to join up with them, should contact Petro Grobler (petrogrobler@telkomsa.net) for the northern parts and Werner Illenberger (werner1@axxess.co.za; Werner@illenberger.biz) for the eastern Cape part.

RUSLAND SAAM MET ANSA EN SUKI – EN DIE RES

Molly Smit

Tydens ons besoek aan Rusland saam met Charlotte in Augustus 2007 was daar verskillende groepe: Daar was die Augustynbus, minstens vier, soms heelwat meer. Daar was die Yankibus, gewoonlik vier, daar was die Kaapse bus bestaande uit drie Kapenaars plus Sam van Angola, en by uitsondering was daar die Ansa bus wat vir my en Suki (spreek uit Sukkie) ingesluit het. Eintlik was daar nog ’n bus met ’n enkelsitplek: die Mollybus ver, ver agter met ’n agterlopergids; Stellenbosch se Berg en Toerklub sou die bus die slot genoem het, wat hard en meestal susksesvol probeer het om ongeduld weg te steek.

Rusland was ’n aangename verrassing, behalwe vir die treinrit van Moskou na St Petersburg. Niks het regtig met die trein geskort nie. Die probleem was dat “vryheidsvegters” ’n trein laat ontspoor het wat so ’n rukkie voor ons s’n ook na St Petersburg vertrek het. Ons het gevolglik pynlik stadig gevorder en ’n rit wat gewoonlik agt ure duur, het twintig ure aangehou en aangehou. Alles was naderhand gedaan, ook die water wat die toilette moes spoel. En iemand van die Augustynbus het maagprobleme gehad....

Ons daguitstappies om te akklimatiseer was redelik hoog en nie bevorderlik vir normale asemhaling nie. Sasha, die gids wat my opgepas het, het naderhand reg voor my gestap teen byna dieselfde pas wat Abraham, ons gids destyds by Kilimandjaro, baie suksesvol op my toegepas het. Voetjie vir voetjie en jou asem word normaal. Sasha het my ook gered toe ek ver agter die heersende bus aan die voet van ’n gletser in die rivier geval het.

Wat onthou ek van die wonderskone Kaukasus-landskap wanneer ek asem en energie gehad het om dinge waar te neem? Berge, geltsers, bruisende en melkerige water van die gletsers afkomstig. Pragtige veldblomme in groot getalle en verskeidenheid. Die atmosfeer. Die Green Hotel wat g’n hotel is nie, maar ’n Alpe tipe-vallei met beeste. En die lang maer Suki wat soms neerslaan en met ‘n blymoedige glimlag weer opstaan. Ons tentjies langs ’n vinnige rivier. Die Russe wat lief is vir uitkamp en berge klim. Die verskeidenheid bessies wat lustig geoes word in die bosse. En die eetbare wilde sampioene.

Ek onthou ook vir Victor, die gids wat ons vertel dat ons net 1½ uur boontoe gestap het op ’n afstand wat gewoonlik 2 tot 3 uur neem. Hy meen ons is baie sterk. Blikskottel! G’n wonder ek kon nie byhou nie! Dan onthou ek ook digterlike name soos Smile of Shkhelda, ons een kampplek.

Ek was net kool te wagte by eetplekke. Die kos was egter lekker en daar was ’n verskeidenheid disse wat afgehang het van ons gidse se beperkte taalvermoë wanneer hulle die spyskaarte in Engels moes vertaal. In Moskou het een van die Yanks “cheese steak” bestel en “cheese cake” gekry.

Ek onthou vir Sam, myningenieur van Angola wat my soos goud opgepas het toe ons die steil Cheget geklim het. Hy het baie aandag getrek omdat die meeste mense nog nooit ’n swart mens gesien het nie. Toe ons die volgende dag by Elbrus wag vir ’n kabelkarretjie, het ons hom aangepor om met sy mynhelm te bedel. Hy het met die hol kant na bo al met die ry langs geloop en smeek “donation please, donation for the environment.” En geld gemaak.

Ek onthou ook die uiters benoude uitdrukking op Charlotte se gesig toe sy op haar hysstoeltjie afpeil op die kabelstasie teen Cheget en nie weet hoe om uit die stoel te kom vir die afspring nie. Die instruksies wat ons uitgegil het, was net betyds.

Van Cheget af het ons ’n pragtige uitsig op die eintlik doelwit, Elbrus gehad. Ek, Suki en Ansa sou nie tot heel bo gaan nie maar ’n ander vallei verken terwyl die res van die groep die aanslag doen. Toe ons middagete aan die voet van Cheget eet, sien ek laasgenoemde twee fluister in mekaar se ore en hoor Ansa sê “ek sal haar nou sê”. Toe weet ek sommer. Uiteinde: ek is saam met die res van die groep met groot gesukkel vir my, nie vir die res nie, teen Elbrus op in smeltende sneeu en lopende yswater, tot by die Blou Hut. Die volgende oggend donker het die res begin met die klim tot bo. Hulle was nie lank weg nie toe ’n vreeslike storm losbars met loeiende wind, donder, blitse en wat vir my soos hael geklink het. Betreklik kort na die aanvang van die geraas het die deur oopgebars en ’n klein stemmetjie roep benoud “Molly, ek is terug”. Suki. Sy klim terug in haar slaapsak. Die res van die groep het later ook omgedraai toe ’n sneeustorm nie wou bedaar nie en dit te koud geword het om te wag tot dit uitwoed. Maar eers was daar ’n benoude soektog op en af na die vermiste Ansa wat al die tyd snoesig terug in die hut was. Sy was heel agter toe sy besluit om handdoek in te gooi en kon dus niemand in die groep in kennis stel nie. My twee vriendinne het besluit alles is te erg en ons is laat die oggend in water en smeltende sneeu bergaf terwyl die res van die groep agterbly vir nog ’n aanslag. Hoekom verkies die Russe sagte smeltende sneeu laat in die oggend bo die lekker ferm gevriesde oppervlaktes vroeër die dag? Hou dit dalk verband met die nagevolge van die vorige aand se vodka?

Die afgaan was aaklig. Op ’n stadium het ek en Ansa op ons sitvlakke teen ’n helling afgegly met die yswater soos ’n waaier voor ons voete. Die lange Suki het horisontaal in ’n skeur geval en vasgesit. Victor, ons gids, se pogings om haar aan ’n arm uit te trek, was eers onsuksevol tot groot vermaak van almal wat op sneeuskrapers (snowcats) verby ons gery het en geen poging aangewend het om te help nie.

Die volgende oggend het ek en Ansa ver langs ’n rivier gaan stap. Ons is later ’n bruggie oor en stap toe aan die anderkant met ’n voetpaadjie terug in die rigting van die dorpie. Dit is idillies… tot die paadjie ophou. Ons beklim, met ’n gedetermineerde Ansa voor, die digbegroeide helling aan ons linkerkant in die hoop om ’n paadjie hoër op te kry. Soms kry ons dowwe paadjies wat net weer verdwyn. Ons hoor honde wat blaf en mensestemme oorkant die raserige rivier. Later, na vele worstelings, besluit ons om maar weer af te gaan en dit is nie lank nie of ons beland op ’n heerlike paadjie. Terwyl ons onder ’n digte blaredak terugstap, hoor ons ’n helikopter. ’n Reuse dierasie met kamoefleerkolle hang ’n rukkie bokant die gebied waar ons flussies was en vlieg met onverrigtersake terug. Met die terugstap na Terskol loop ons verby ’n bergreddingspos met die helikopter netjies daarvoor geparkeer. Ons het beslis vir die dag se opwinding gesorg!

Die volgende dag stap ons berg-op deur die bos agter ons hotel. So ver ons gaan, pluk en eet ons bessies. Ons stap tot by die onderste kabelstasie waar ons by ’n restaurant wag vir die res van die groep om af te kom. Ons het reeds via Victor se selfoon gehoor dat almal suksesvol tot bo gevorder het. ’n Opsigtelik baie uitgemergelde groep daag soos zombies op. Maar toe ons hulle bestorm, ontpop hulle dadelik tot uitbundige en, met reg, trotse en selfvoldane mense. *Mission accomplished*.

South African Kokshaal Too Expedition 2007

First Ascents in south-eastern Kyrgyzstan

In August 2007 nine members of the Mountain Club of South Africa went to Kyrgyzstan, a mountainous country in Central Asia. They were Ulrike Kiefer (leader), Patrick Black, Robert Cromarty, Greg Devine, Linda Daffue, Willem Daffue, Carl Fatti, Dean van der Merwe and Donovan van Graan.

After two days on planes they traveled with vehicles, a 6-wheel drive bus and a smaller truck, from Bishkek via Naryn to the western Kokshaal Too range. These mountains straddle the border of southern Kyrgyzstan with China. The area is under military control and permission to access the area has to be obtained from the military. Consequently very few expeditions have ever visited this place and many peaks remain unclimbed to this day.

They found a grassy spot next to a crystal clear lake for base camp. They split into small parties, each exploring a different valley and assessing the climbing possibilities. As the approach to the mountains involved crossing raging, ice-cold rivers and walking up over moraines and glaciers for hours, it was necessary to set up advanced camps closer to the foot of the mountains before attempting to climb.

As their objective was to bag as many previously unclimbed peaks as possible, one group went up the Nalivkin glacier and climbed a 5055m peak, marked unclimbed on the map. The other group went into the Malitskovo glacier basin. They managed to summit two peaks, 4828m and 5105m, both marked unclimbed. The team also summited five other peaks ranging from 4578m to 5156m, some of them being second ascents.

What really made this expedition so memorable is not only the impressive climbing success, but many other things as well: An impressive mountain scenery of snow-capped peaks and cliffs; a land that is practically untouched by human hand; the encounter with flocks of Ibex, soaring lammergeyer and marmots and, above all, the spirit of the team – always ready for a joke and a good laugh.

However there was still an unexpected sequel to the story. Some two months after their return to South Africa they learned from the American Alpine Club that there had been a British two men party to the same area just before. They recorded having climbed 5105 and 5055, both from the Malitskovo glacier. Two of the SA “first ascents” turned out not to be such. Still, the two South African routes up 5055 are new routes, approaching the mountain from a different valley. Unfortunately there was no record of the British ascents anywhere, not even with the Kyrgyz climbing community.

Malealea - Leier: Charlotte

Ons was elf mense wat die naweek van 9 tot 11 November 2007 na Malealea gegaan het. As lede: ekself, Elmarè, Ansa, Mercia, Steven Adendorff (nuwe lid) en nie-lede: Sanet Ferreira, Andrè van der Berg en 4 Hollandse uitruilstudente.

Ons het deur die Wepenerhek na Lesotho gegaan en almal, selfs Ansa, het haar paspoort onthou. Die pad na Malealea is geteer tot 7 km duskant die oord. Vir dié wat al daar was: dit is net waar die pragtige uitsig oor die Maloetiberge begin. Vandat ek ongeveer 15 jaar laas daar was het dit verrassend baie verander. Ons het in die primitiewe "forest huts" geslaap en het gemeenskaplike kombuis- en badkamergeriewe gedeel.

Die dagstappies was meer as wat die 4 Hollandertjies verwag het. Die op- en afklim na die Boesmantekeninge was maar glyerig en ten spyte van die verkeerde skoene, het hulle dit nogtans goed gedoen. Die stap na die Botsoela waterval het egter vir my gevoel of dit 15 jaar gelede heelwat nader was. Maar die waterval is steeds pragtig en het sterk geval. 'n Plaaslike musikant wat met 'n tuisgemaakte "viool" agtergrondmusiek verskaf het, het my nogal opgeval as 'n goeie entrepreneur - ons kon nie anders as om vir hom ietsie in sy stukkende ou koppietjie te gooi nie.

Die Sondag het ons net tot op rand van die ravyn gestap, die uitsig was pragtig en die gebied daaronder het geroep vir 'n volgende keer!

O ja, amper verloor ons toe vir Mercia en Elmarè toe hulle 'n "draaitjie loop". Ek het weereens besef hoe maklik 'n probleem kan ontstaan en dat mens nie 'n dagstap moet onderskat nie. Ons het intussen met 'n uitdraaipaadjie afgeklim en die twee het reguit op die duidelike pad aangeloop. Wel - hulle het darem 'n pragtige, tipiese Lesotho stat besoek voordat die gids hulle weer gekry het. 'n Paar benoude oomblikke vir ons almal!

ONS GAAN DIE INKA-ROETE STAP!

Molly Smit

Die Vrystaat Afdeling beoog om die Inka-roete na Machu Picchu,'n Wêrelderfenisgebied in Peru, gedurende Mei 2009 te stap ter viering van ons klub se 50ste verjaarsdag. Mei is gekies omdat die roete dan minder warm, reënerig en oorbevolk is. Ons oorweeg 'n akklimatiserings-/besigtigingstoer voor die staptog in areas waarvan sommige nie baie besoek word nie sodat deelnemers gewoond kan raak aan die hoogte bo seespieël. Die toer sluit in: 'n besoek aan Lima (seevlak) waar ons heenvlugte eindig, Arequipa (2335m), die Colca Canyon (3400m diep), Alti Plano, Puno, die saffierblou bevaarbare Titicaca meer (laasgenoemde drie 3827m) en Cusco (3399m). Teen daardie tyd het ons al heelwat skouspelagtige ervarings beleef en behoort die asemhaling makliker te wees.

Cusco is ons vertrekpunt vir die staproete wat ook 'n besoek op pad aan Ollantaytambo insluit. Die staptog strek oor vier dae en drie nagte. Die hoogste punt is 4200m. Ons het gidse, draers en kokke en slaap in tente. Na die staptog is daar 'n keuse om na die Amasone te vlieg (Puerto Maldonado) vir 'n verblyf van twee nagte voordat ons terugvlieg na Lima vir ons internasionale vlug. Die mense wat nie die Amasone wil besoek nie, kan moontlik vroeër na SA terugkeer. Sonder die Amasone-opsie sal dit ongeveer 16 dae heen en terug wees, en met die opsie sowat 18 dae.

Ek is met die organisering gemoeid omdat ek 'n paar keer in daardie pragtige omgewing was. Ek is daaraan gewoond om sonder enige vooraf reëlings alleen, of met klein groepies, by bestemmings op te daag en dan stap/reis ek/ons suksesvol teen groot besparings. Ek sien egter regtig nie kans om dit met 'n groep van 16, die maksimum wat op die staproete toegelaat word, te doen nie. Die kwotasies wat ek tot dusver gekry het, slaan my asem weg. Op die oomblik ondersoek 'n agent goedkoper verblyf- en reisopsies. Afhangende van goedkoop of duur verblyf, en of ons die Amasone gaan besoek of nie, sal die toer waarskynlik tussen R22 000 en R31 000 kos. Dit sluit die verblyf in Sao Paulo, Brasilië waar ons minstens een keer op ons vlugroete moet oornag, uit. Ek het vir goedkoop verblyf in Sao Paulo gevra en daarop klem gelê dat ons eintlik brandarm is en net skoon beddens en ablusiegeriewe soek.

Belangstellendes kan my solank kontak by 051 522 1548 (tot middel April 2008), by 031 903 4774 (vanaf middel April tot middel Oktober 2008), by 084 583 9640 of per e-pos: molly@eject.co.za. Lede van die Afdeling staat kry voorkeur. Nie-lede is op 'n waglys tot vier maande voor vertrek.

Machu Picchu is a pre-Columbian Inca site located 2,430m above sea level. It is situated on a mountain ridge above the Urubamba Valley in Peru. Often referred to as "The Lost City of the Incas", Machu Picchu is probably the most familiar symbol of the Inca Empire. It was built around the year 1450, but abandoned a hundred years later, at the time of the Spanish conquest of the Inca Empire. Forgotten for centuries, the site was brought to worldwide attention in 1911 by Hiram Bingham, an American historian. Since then, Machu Picchu has become an important tourist attraction. It was declared a Peruvian Historical Sanctuary in 1981 and a UNESCO World Heritage Site in 1983. It is also one of the New Seven Wonders of the World.

"A song for the mountains"

Taken from the novel "Peter Camenzind" written by Hermann Hesse, 1904.

"The stubborn cliffs and precipices spoke to [my hart] in tones of awe and defiance of times whose sons they are and whose scars they bear. They spoke of the past when the earth with moans of pain heaved and burst and squeezed the mountain peaks and crests out of her tortured womb. Walls of rock surged up, rumbling and cracking to split aimlessly into mountain tops; twin summits fought desperately for space until one would soar triumphant, shatting and deposing its brother. Here and there, several crags that went back to those days were suspended high up in the fissures, rocky walls, split apart and disrupted; and, with every thaw, gushing water swept down great boulders as hugh as houses, shivered them like glass or bore them down irresistibly into the deep, gentle meadows below. Those craggy mountains always related the same story. And when one saw their precipitous walls with layers of rock, cleft, twisted or reft asunder, each filled with gaping wounds, it was easy to understand them. 'We have suffered indescribable horrors,' they said, 'and we are suffering still.' But their voices were proud and stern, and they spoke with the restraint of old, indomitable warriors".

CALLING FOR SUBMISSIONS FOR JOURNAL 2007

Contributions for the 2007 Journal should reach the editor, Cally Henderson (callyh@envmc2.co.za; 011-326 3150; 082-600 8795)) by February 2008. Late submissions will not be accepted after 31 March 2008, and submissions with missing information as requested below will also be returned to authors.

Each article submitted *must* have a TITLE, AUTHOR NAME, FULL AUTHOR CONTACT DETAILS or *must* be accompanied by AN MSWORD TABLE WITH PHOTO FILE NAME, CAPTION AND PHOTOGRAPHER for each photo. If there are particular photos you feel it is essential be included in the article, please indicate as much. Photos are *not* to be submitted embedded in a Word document – we cannot print from such format. Photographs must be submitted *at the same time as the article* (not months later). No more than TEN photos may be submitted and they must be submitted in HIGH RESOLUTION, as jpg or tiff files (min 1.5 Mb per photo).

All material can be emailed to the editor, so long as the messages do not exceed 5 Mb. Use the Style Sheet on the mcsa website as a guide to *spelling conventions for mountaineering terms* and especially for *route description style and layout*. Route descriptions submitted which deviate significantly from the guideline format will be returned.

We would prefer material to be submitted in electronic format: if you have prints or slides, get them scanned at 300 dpi resolution. High resolution digital images copied to CD, and 35mm slides may be posted to:

The Editor - Journal 2007 / C Henderson

PO Box 413828

CRAIGHALL

2024

EXCERPTS FROM OTHER MOUNTAIN CLUB NEWSLETTERS

MCSA (CENTRAL COMMITTEE) SECRETARY

The term of Central Committee members usually stretches until the MCSA AGM in April. However, the MCSA Secretary of the past nearly 5 years, Jenny Paterson, had to stand back mid-November to enable her to work in the UK. The MCSA would like to extend a mighty thanks for her exceptional dedication and hard work of the past five years. The new Cencom secretary is Gerhard van Wyngaardt.

INTERNATIONAL CLIMBING MEET IN SA

The Johannesburg Section will be hosting another international climbing meet in SA from 15 to 24 March 2008. Climbing partners (grades 15 to 30) are required as well as people who could take on a 3-day outing to Blouberg. People who could help with transport between the Magaliesberg kloofs, Wilgepoort, Makapansgat and Mpumalanga, please contact Ulrike Kiefer: ukiefer@icon.co.za or 011-907 7438.

NATIONAL MEET 2008: WOLKBERG

The Johannesburg Section will be hosting the Annual National Meet in the Wolkberg from 25 April to 4 May 2008. Base Camp will be at Serala Forest Station. Activities will include hiking (day walks to several days), climbing and a guided walk by a prominent horticulturist. Camping facilities include hot water showers, fire wood and toilets. A commemorative T-Shirt and song book will be available. Details will be forthcoming in early 2008. Contact:Michael Grant (olmec@alink.co.za; 082-940 9493).

MCSA EXPEDITIONS SUBCOMMITTEE

Members are reminded of the existence of a central MCSA expeditions subcommittee. The aim of this subcommittee is to promote expeditions of members to mountains around the world and this is done inter alia by providing some financial assistance, making available specialised equipment, giving logistical support or a combination of all of these. MCSA members wishing to apply for sponsorship or support may do so by sending a completed application form (see MCSA Web Page) to expeditions@mcsa.org.za.

BOOKS: MOUNTAINS OF AFRICA

A club member, Duncan Souchon, has published a hard-cover coffee table book on many of Africa's highest and finest mountains, featuring legends and mythology, fauna and flora, geology and images by photographers Michael Walton, Ronnie Muhl, Fiona McIntosh and Mark Johnston. The book is available at Exclusive Books and other book stores for about R214. You could order copies directly from Duncan, who will get them to you for R180 - deliver in Cape Town or pickup in Rondebosch (add R20 for postage in RSA if you live outside Cape Town; postage will take about 5 days). If you would like Duncan to dedicate your copy to someone, tell him what you would have him write and he will gladly do so. Contact Duncan for his bank details and to organize delivery/postage: lunge@iafrica.com (Offer valid from 16 December 2007 onwards).

BEARDED VULTURE

KZN Wildlife requires assistance in the sighting of marked Bearded Vultures. The Bearded Vulture is an endangered species occurring in the Maloti-Drakensberg mountains. Their numbers are continually declining as a result of several threats including a shortage of the right type of food, poisonings and collisions with power lines. KZN Wildlife is monitoring the Bearded Vulture population to obtain more information on where these birds feed, roost and nest. This information will highlight potential threats that need to be addressed to save the species from extinction. They have marked a few birds by bleaching their wing feathers and now need your help in finding these marked birds. If you see a marked bird, record and send in the following information: date, time, location, which wing is bleached, whether the top or bottom feathers of the wing were bleached, take a photograph if possible. Note that the Bearded Vulture could be confused with the Black Eagle or the Cape Vulture. You can get a pamphlet from KZN Wildlife to make things clearer: Contact Sonja Krueger (skruger@kznwildlife.com, 033 239 1514) and please report information to gypaetus@kznwildlife.com.

NEW EVEREST / EAGLE MOUNTAIN ROUTE GUIDE

A new route guide has been published for Eagle Mountain (previously known as Mt Everest) near Harrismith. It is produced in A6 format on 80 bond paper with spiral binding and plastic covers. The guide includes RDs for all known sport and trad routes at the venue, over 30 maps and topos as well as many colour pictures of climbers in action. The cost is R95 plus R7 p&p or plus R17 p&p (with tracking number). Copies can be obtained from Gavin Peckham: gpeckham@pan.uzulu.ac.za or 035-792 4543 (a/h). Payment details: Absa current acc: 711133720, Branch: 334 130.

HARRY BARKER BOOK

Harry Barker, who died last year in August aged 99 years, was the composer of "The Mug Song", "When the Moon Rise Above the Krantzes" and "Ringed in the Campfire's Golden Glow". He wrote hundreds of poems, and scores of songs. He climbed rock until he was 92-years-old, and was awarded the MCSA Gold Badge for his service to the Club. Just before Harry's death, his son William started assembling a collection of some of his best work, as well as pictures and music, which has just been published. The price of the book is R100, and once modest printing costs have been met, all proceeds will go to Habitat for Humanity. Contact William Barker at barkerw@absamail.co.za.

MPUMULANGA MOUNTAINS WORLD HERITAGE SITE?

Mpumalanga is bidding to have the historical Makhonjwa mountains around Barberton declared a World Heritage Site. The mountains are believed to be the oldest in the world, at 3.6 million years, and have the oldest fossil records too. More information available on http://allafrica.com/stories/200705210690.html.

MACHU PICCHU, PERU

Santa Teresa village has built a bridge over a turbulent river to open another route for backpackers trekking to Machu Picchu Inca ruins. Government cultural experts objected as they fear increased tourism could threaten this UNESCO World Heritage site.

BERG TRAVERSE

Jaco Lubbe, who has lost 95% of his sight due to macular degeneration, did a thirteen-day traverse from Mont-aux-Sources to Bushman's Nek from 21 April to 5 May together with the Roodepoort Hiking Club. His aim was to raise awareness about the plight of blind people who struggle to find acceptance in the workplace: "I wanted to show businesses that if I can climb the Drakensberg, then I am capable of working and so are other blind people".

GSM ON MOUNTAINS

Vodacom Tanzania operates the highest base station in the world on the summit of Kilimanjaro (5895m). Other notable high altitude GSM base stations can be found at La Paz, Bolivia, the highest capital in the world at 4100m and Syangboche, Nepal near Everest base camp, at 3874m. An attempt to enable a China based GSM base station to be visible from the summit of Mount Everest is currently underway. (http://www.cellular-news.com/story/23491.php)

BOOK ON ADVENTURES IN CAPE MOUNTAINS

Nancy Sharples' book on her adventurous life, growing up in the South Cape where she has now retired and is exploring the Cape mountains with other well-known MCSA characters is still available. She has the remaining, illustrated copies at her home in Leisure Island for only R90 a copy. Give her a ring on 044-384 1238. (From: S Cape Section newsletter).

SIR EDMUND HILLARY

The MCSA joined the world in expressing their regret at the news of the death of Sir Edmund Hillary, first ascensionist with Tenzing Norgay of Everest (1953). While his name became a household name around the world, he has always insisted that his triumph be shared with all mankind, and to the betterment of the people of Nepal and the Himalaya. (See also the article on his life on page 15.)

Great things are done when man and mountains meet.

SIR EDMUND HILLARY

Shortly after the first ascent

Edmund Hillary grew up in Tuakau, a small town 50 km south of Auckland. At 16 a love affair with mountains began. Hillary skied whenever he could and began hiking in the hills outside Auckland on weekends. As his climbing skills improved he visited the New Zealand Alps in the South Island, an impressive mountain range that reaches 3755m on the summit of Mt Cook. In 1950 Hillary climbed in the Swiss and Austrian Alps and a year later joined a New Zealand expedition to the Himalayas. Hillary was quickly becoming known as a talented and aggressive climber. At the end of 1951 Hillary joined a British Everest Reconnaissance expedition and a year later was invited on another British expedition, this time to Cho Oyu, also in Nepal.

Until then, no team had managed to conquer Everest. Between 1921 and 1953 eight major expeditions had attempted the climb, all had failed, with some 16 deaths. After World War II, several factors combined to make the climber's job slightly easier. To the south Nepal opened its doors to fee-paying Western expeditions, which discovered more accessible routes. Improvements in clothing and equipment, especially oxygen apparatus, helped dull the freezing temperatures and assisted breathing at altitude. And by the early 1950s Nepalese Sherpas - now experienced high-altitude climbers - had become essential to any successful Himalayan expedition. In 1952 Swiss climber Raymond Lambert and Nepalese sherpa Tenzing Norgay reached around 8,550m on Everest, the highest anyone had ever climbed. The following year a British expedition led by Col. John Hunt planned another assault on the mountain known as Sagarmatha - "head touching the sky" - Hillary signed on.

After preparations in England and Wales in late 1952 the expedition traveled to Nepal. By early April 1953 they had begun establishing a succession of camps up Everest. In May they were ready for an attempt. Bourdillon and Evans made the first assault on May 26, and got within 100m of their goal before being forced back after Evans' oxygen failed. Three days later Hillary and Tenzing set out in fine weather from their ridge camp at 8,500m. At 11:30 a.m., after a five-hour climb, they reached the summit: 8,848 meters above sea level.

Success was theirs. Even before the expedition had reached base camp, news of their feat had made it to London - in time for Elizabeth II's coronation. Hillary, who had never approved of titles, learned to his horror that he had been knighted. For New Zealand the achievement confirmed its proud place in the British Empire and marked an important step in its own course. "Everest A Crown Jewel" read the headline in Auckland's New Zealand Herald, "New Zealander Reaches Peak."

Hillary's passion for adventure remained undiminished. In 1958 he made a controversial dash with a Massey Ferguson tractor to the South Pole, becoming the first person ever to reach it in a motorized vehicle. In 1968 he took a jetboat through the wild rivers of Nepal and in 1977 travelled up the Ganges, again in a jetboat.

Beginning in 1962 he began working with the Nepalese sherpas who had so often helped him. Raising funds through his Himalayan Trust, he helped install bridges and pipes, built nearly 30 schools, two hospitals, 12 medical clinics and two mountaineering clinics, restored monasteries, and planted more than a million seedlings in and around the towns of the rugged and poor Solu-Khumbu region of Nepal. Even into his 70s Hillary spent an average of five months away from New Zealand every year raising money and visiting the projects in Nepal.

Once, while resting on a rock during a short trek in Nepal with film director Michael Dillon, an American walker stopped and showed Hillary how to hold an ice-axe. "Hillary listened and thanked him, but said nothing else," remembers Dillon. "The American went away without any idea whom he had spoken to." The first man to stand on top of the world didn't see himself as a hero. Others always will. (Summary from the article in *Time Magazine*).

Disa uniflora

No longer the delight of mountaineers only, Woolworths made the first (rather spectacular) disa's commercially available as pot plants in early January at R99 a piece: "SA's flagship orchid: The Pride of Table Mountain". Some disa watsonii (the yellow one) are also on sale.

New Table Mountain Path Mark Johnston

RAM Mountaineering is creating a new path to replace the very eroded existing routes to the base of the climbs on Table Mountain. The new path starts on the India Venster walk-in, and traverses in along the base of Venster Buttress. To get there continue walking up India Venster from the Contour Path for another few minutes until you start ascending the gully with Venster Buttress on your left. The path begins from here.

(SA Mountain Magazine, December 2007)

Pragtige foto's (en 'n verskeidenheid ander inligting) van Suid-Afrika se berge, plante en diere is beskikbaar op die volgende webblad:

http://www.southafrica.info/ess_info/photos/

NUUS UIT DIE VRYSTAAT

VERJAARSDAE

Baie geluk aan Molly Smit, Klaus von Delft en Francis Taylor wat almal verlede jaar 70 geword het. Dit is ongelooflik dat julle nog sulke aktiewe lede op 70 is, julle stel 'n wonderlike voorbeeld aan ons almal.

AFTREDE

Ansa - baie geluk met jou aftrede. Ons hoop jy het nou baie tyd vir stap en bergklim!

TOTSIENS

Ons vorige voorsitter Izak, en sy vrou Estelle het ons verlaat vir die mooie Kaapstad. Ons wens julle al die beste toe en gaan julle baie mis. Izak was 'n wonderlike leier en sy vertrek is 'n groot verlies vir ons tak. Estelle se heerlike versnaperinge met vergaderings is 'n ewe groot verlies!

NUWE LEDE

Baie welkom aan **Steven Adendorff** wat by ons tak aangesluit het.

Visrivier Canyon

Drie lede van die Vrystaattak; Charlotte, Elmaré en Mercia, het saam met 'n groep vriende (waarvan sommige intussen lede geword het) die Visrivier Canyon in Mei 2007 gaan stap.

In plaas van die gewone 5 dae en vier nagte, het hulle die stap oor 7 dae gedoen en hulle harte in die Vis uitgekuier. Die rivier was baie leeg en hulle enigste probleem was vars water. Dit het egter niks aan die plesier van die stap verminder nie.

"Die korter roetes het ons die geleentheid gegee om die mooiste dele in die Canyon rustig te verken, sonder die gewone resies om op 'n sekere tyd 'n sekere afstand agter die rug te hê. Soms het ons al teen 15:00 kamp opgeslaan en tyd gehad die stilte van die Canyon te ervaar en werklik te geniet".

Lede is baie welkom om enige nuusbrokkies, interessante leesstof, of klimervarings te stuur vir insluiting in die Billi. Stuur dit aan Charlotte:

charlotteaug@hotmail.com, of aan Molly: molly@eject.co.za.

Saamgestel deur Mercia Coetzee